

Veeboere kán in klimaatstryd help

BEELDE van dorre landskappe en die karkasse van uitgehon-gerde diere word al hoe meer gesien namate droogtes gereelder en op groter skaal voorkom.

Beesboerdery is wêreldwyd 'n oorsaak van klimaatsverandering. Die wêreld se 3 miljard (of meer) beeste, skape en bokke produseer metaan, een van die kragtigste kweekhuysgasse as 'n neweproduk van vertering.

Besprekings oor klimaatsverandering lê te dikwels klem op die ongunstige aspekte van veeproduksie. 'n Ander kant van die saak is egter op die COP27-klimaatsonderhandelinge in Egipte uitgelig.

Dit was vanjaar die eerste keer dat voedsel en die landbou soveel aandag gekry het. En die boodskap is duidelik: Volhoubare veeboerdery kan 'n sleutelrol speel om vrystellings te verminder, veral van metaan, en om verskeie omgewings- en maatskaplike voordele teweeg te bring.

Die herkouerspysverteringstelsel is verantwoordelik vir 27% van die metaanvrystellings vanaf menslike bedrywighede. Metaan dra meer as 15% by tot die kweekhuysgasse wat in die atmosfeer vrygestel word.

Anders as koolstofdioksied, die belangrikste kweekhuysgas wat duisende jare lank in die atmosfeer bly, breek metaan binne ongeveer 12 jaar af. Dit beteken dat die voordele van laer metaanvrystellings vinnig ervaar sal word.

Veeboere sal 'n belangrike rol

hê om te vervul – en hulle kán.

'n Internasionale netwerk van veekeners het strategieë geïdentifiseer wat boere kan help om enteriese metaanvrystellings ('n neweproduk van die natuurlike spysverteringsproses wat in diere voorkom) te verminder, en, in sommige gevalle, om produktiwiteit te verhoog. Dit is gedoen deur die ontleding van 430 geëvalueerde navorsingsartikels oor die vermindering van enteriese metaanvrystellings van vee.

PRODUK-GEBASEERDE STRATEGIEË

Die meeste van die projekte wat in die meta-ontleding nagegaan is, was 'n reaksie op die behoefte om klimaatsverandering te pak. Van die 98 strategieë wat in die artikels beskryf is, is agt geïdentifiseer wat besonder belangrik is.

Drie van dié strategieë – 'n verhoging in voerinname, die gebruik van jonger en minder veselagtige voer, en om diere meer konsentrete te voer, het die vrystellings per eenheid van melk of vleis wat geproduseer is, aansienlik verlaag. Dit word produk-gebaseerde strategieë genoem. Dit het nie noodwendig die enteriese metaanvrystelling per dier verlaag nie, om die eenvoudige rede dat meer voer in die algemeen meer vrystellings beteken.

ABSOLUTE VRYSTELLINGS

In teenstelling daarmee het die ander vyf strategieë die

enteriese metaanvrystellings per eenheid van vleis of melk verlaag en die vrystellings per dier verminder, sonder om die dier se prestasie in gedrang te bring. Dié strategieë word die absolute vrystellingstrategieë genoem. Om bymiddels by veevoer te voeg om metaanproduksie te onderdruk, is een metode – maar dié bymiddels dra ook tot boere se produksiekoste by.

Die drie produk-gebaseerde strategieë sal tot 'n gemiddelde afname van 12% in enteriese metaan per eenheid melk of vleis lei en 'n toename van diereproduktiwiteit deur 'n mediaan van 17%.

Die vyf absolute vrystellingstrategieë sal daaglikse enteriese metaanvrystellings met gemiddeld 21% verminder.

Die navorsingspan het uitgewerk dat as die twee doeltreffendste strategieë van elke kategorie toegepas word, dit die veebedryf in staat sal stel om die mikpunt te behaal om aardverwarming teen 2030 onder 1,5 °C te hou.

Ongelukkig sal pogings vir klimaatstempering teen 2050 in lae- en middelinkomste lande deur relatief vinnige bevolkingsgroei en die toename in die vraag na rooivleis en melkprodukte ongedaan gemaak word.

Dit is duidelik dat daar twee verskillende storielyne is, een vir hoë-inkomstelande en 'n ander een vir lae- en middelinkomstelande.

In die meeste lande met 'n hoë inkomste is die bevolkingsgroei laag en die vraag na vee-

produkte per kop is reeds hoog. Dit is onwaarskynlik dat dit sal toeneem. Ingevolge 'n scenario van sake soos gewoonlik sal Europa se enteriese metaanvrystellings van vee teen 2050 met ongeveer 11% styg.

Aan die ander kant sal 'n soortgelyke scenario in Afrika beteken dat enteriese metaanvrystellings teen 2030 met 87% sal styg en teen 2050 met 220%.

Dit is omdat die bevolkingsgroei in lae- en middelinkomstelande steeds hoog is. Die vraag na veeprodukte per kop is laag en sal waarskynlik styg. Dit beteken dit sal vir hoë-inkomstelande makliker wees om die mikpunt van 1,5 °C te behaal as die geval met lae-inkomstelande is. Hul strategieë sal verskil.

Die navorsing dui daarop dat die doeltreffendste versagtingstrategieë die toename in enteriese metaanvrystellings in Afrika teen 2030 van 87% tot 26% sal verminder. Dit is baie beter as om niks te doen nie.

In die meeste Afrikalande sal die klem op verhoogde voervlakke, 'n verlaging in die ouderdom van weiding en die byvoeging van sommige konsentrete wees.

Dit sal nie net help om die enteriese metaanvrystellings per eenheid van produk te verminder nie, maar sal ook die produktiwiteit van diere verhoog.

Dit is duidelik dat bykomende strategieë benodig sal word indien veeboere onder die mikpunt van 1,5 °C wil bly. **LBW**

BRON: Indianexpress.com; bit.ly/3PnU4ze

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102
E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za